higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 2

(4101042)

3 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 1 bladsy.

028Q2N2203

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 60

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

5. Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. ALLE beplanning moet duidelik aangedui word.

6. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die vrae uit AFDELING A en skryf 120–150 woorde daaroor.

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

SITUASIE

Daar gebeur dinge by die kollege waaroor jy baie ongelukkig is. Jy het dit met jou dosent bespreek en ook onder die aandag van die voorsitter van die studenteraad gebring, maar niemand het iets gedoen nie.



[Bron: *photostockeditor.com*]

OPDRAG

Skryf 'n formele brief (120–150 woorde) aan die plaaslike koerant waarin jy die publiek se aandag op dié verkeerde dinge wil vestig.

Hou die volgende in gedagte:

- Rig die brief aan die redakteur.
- Dit is 'n formele brief.
- Die styl is formeel wanneer 'n ernstige saak bespreek word.
- Spreek die probleem direk aan.
- Sê wat jou ongelukkig maak.
- Wat wil jy hê moet die kollege doen om die probleem op te los?
- Waarom is dit belangrik dat die probleem dadelik opgelos moet word?
- Jy kan 'n skuilnaam gebruik, maar die skrywer se naam moet aan die einde verskyn.

[30]

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF



SITUASIE

Die kollege se avontuurklub wil baie graag op 'n staptog van twee dae gaan. Julle beplan om oor 'n naweek gedurende September 2022 te gaan stap. Die groep bestaan uit 32 lede: 15 meisies,15 seuns en 2 dosente as toesighouers.

[Bron: *vectorstock.com,* 2022]

OPDRAG

Skryf 'n brief (120–150 woorde) aan die Parkeraad-kantoor. Vind uit watter plekke is beskikbaar en wat dit vir die groep sal kos. Kry ook inligting oor hoe ver en hoe moeilik of maklik die verskillende staproetes is.

Rig jou brief aan: Die Bestuurder, SANparke, Posbus 787, Pretoria, 0001

Onthou die volgende:

- Dit is 'n formele brief en word op 'n briefhoof geskryf (ontwerp jou eie).
- Sit die navraag logies uiteen – een paragraaf per gedagte. Maak seker dat al die noodsaaklike inligting gegee word.
- Bou welwillendheid – spreek dank uit vir die aandag wat aan die saak gegee sal word.

[30]

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

SITUASIE

Die Vlak 2-studente van die kollege het in 2021 swak gedoen in hul eindeksamen. Daar kan verskeie redes wees waarom die uitslae so swak was.

Jy is die vlakverteenwoordiger en jy help met die navorsing oor hierdie situasie. Daarna lewer jy skriftelik verslag daaroor.



[Bron: *Google Soek,* 2021]

OPDRAG

Skryf 'n formele verslag (120–150 woorde) waarin jy jou bevindinge en gevolgtrekkings duidelik uiteensit.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Titel van die verslag
- Op wie is die verslag gemik?
- Inleiding (Wat het jou gemotiveer om hierdie ondersoek te doen?)
- Bevindinge (Wat is die redes vir die swak uitslae?)
- Gevolgtrekking (Wat dink jy moet gedoen word om die uitslae te verbeter?)
- Slot **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die vrae uit AFDELING B en skryf 80–100 woorde daaroor.

VRAAG 4: BESKRYWING

SITUASIE

Navorsing toon dat studente nie sonder 'n slimfoon kan lewe nie. Hulle ly glo aan FOMO – die vrees dat hulle iets sal mis as hulle nie heeldag in verbinding bly nie.



[Bron: *clipartlogo.com,* 2022]

OPDRAG

Beskryf in 80–100 woorde die rol wat slimfone in studente se lewens speel.

Volg hierdie proses vir jou skryfstuk:

- Titel: Studente en hul selfone
- Maak 'n kopkaart/breinkaart met die titel in die middel en rangskik jou idees rondom die titel.
- Noem die tipes mediaplatforms waarvan studente gebruik maak.
- Noem die voor- en nadele wat dit inhou.
- Let op na die sinskonstruksie, leestekens en spelling. **[20]**

OF

VRAAG 5: PROSEDURE

SITUASIE

Lillian is 'n eerstejaarstudent aan die kollege waar jy studeer en het jou gevra om haar te help om 'n studenterekening by die bank oop te maak. Sy wil haar sakgeld spaar en seker maak dat haar geld veilig in 'n bank is.

OPDRAG

Gee duidelike stap-vir-stap instruksies vir Lillian (80–100 woorde) oor hoe om 'n bankrekening by haar naaste tak oop te maak.

Noem ten minste VYF stappe met die redes vir hierdie stappe. **[20]**

OF

VRAAG 6: E-POS

SITUASIE

Die jongste superheldrolprent, Spider-Man: No Way Home, is tans in teaters te sien. Jy weet jou maat wil dit dolgraag sien. Jy het twee kaartjies.



[Bron: *marvel.com,* 2022]

OPDRAG

Skryf 'n e-pos (80–100 woorde) aan jou maat waarin jy hom/haar uitnooi om saam met jou te gaan fliek.

Gebruik die templaat in ADDENDUM A.

Sluit die volgende in:

- Hoekom wil jy hê moet die persoon saamgaan?
- Wat maak die rolprent so besonders?
- Hoe kom julle daar, hoe laat ry julle en wanneer kom julle terug? **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

Kies EEN van die vrae uit AFDELING C. Die inhoud moet 30–50 woorde wees.

VRAAG 7: DIALOOG

SITUASIE

Een van jou beste maats wil hê jy moet saam met hom/haar na 'n funksie toe gaan. Jy moet die funksie 'n geheim hou. Jy is nie gelukkig om 'n funksie by te woon waarvan niemand mag weet nie en weier om saam te gaan. Jou maat probeer hard om jou te oorreed om saam te gaan, maar jy bly by jou besluit: as dit 'n geheim is, gaan jy nie saam nie.



[Bron: Verwerk en aangepas uit Peanuts Comic Strip, 20 Julie 1970]

OPDRAG

Voltooi die bostaande dialoog (30–50 woorde) tussen Lerato en Sydney.

Onthou die volgende:

- 'n Dialoog word in die direkte rede geskryf.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Toon sover moontlik die stemming van die spreker aan *(kursief).* **[10]**

OF

VRAAG 8: KLEINADVERTENSIE





SITUASIE

Studente het altyd ekstra sakgeld nodig. Daarom het jy besluit om werkies vir mense in jou omgewing te doen. Jy is bereid om motors of venters te was, gras te sny of babas op te pas.

OPDRAG

Ontwerp 'n kleinadvertensie (30–50 woorde) met al die nodige inligting wat jy by jou plaaslike biblioteek of supermark kan opplak.

[Bron:*Google Search*, 2022]

Onthou die volgende:

- Gebruik die ABBA-beginsel.
- Die advertensie moet dadelik die aandag trek.
- Gebruik verskillende lettertipes en groottes. **[10]**

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

SITUASIE

Jou troeteldier, 'n papegaai, het weggeraak. Jy het hom nou al vyf jaar en jy is baie lief vir hom.

OPDRAG

Ontwerp 'n plakkaat (30-50 woorde) wat jy oral kan opplak sodat mense na jou papegaai kan help soek.



[Bron: af.thinkfirsttahoe.org]

Onthou die volgende:

- 'n Plakkaat berus op die ABBA-beginsel: Dit moet aandag trek,
- belangstelling en begeerte by mense wek en reaksie by die leser bewerkstellig.
- Gee 'n duidelike beskrywing van die papegaai.
- Gee die naam waarop die papegaai reageer.
- Sê waar die papegaai die laaste keer gesien is.
- Gee jou kontakbesonderhede.
- Bied 'n beloning aan vir die persoon wat die papegaai vind.
- 'n Plakkaat moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Gebruik verskillende lettergroottes en -tipes. **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |



Kopiereg voorbehou